Saai die waatlemoen

Saai die waatlemoen, saai die waatlemoen,
Saai die waatlemoen, pampoen!
My mammie roei die skuitjie,
My pappie blaas die fluitjie,
My boetie speel op sy kitaar.
Saai die waatlemoen, saai die waatlemoen,
Saai die waatlemoen, pampoen!
(Jou vrot pampoen, jou stukkende skoen.)

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Oor die rympie

Hierdie rympie word gewoonlik gesing. Dit stel verskillende gesinslede bekend wat almal verskillende dinge doen: die ma roei die skuitjie (bootjie), die pa blaas op 'n fluitjie en die boetie speel kitaar. Die laaste reël, "Jou vrot pampoen, jou stukkende skoen" herinner aan die bekende Afrikaanse kinderliedjie, "Die Lappop" waarin die lappop saam met 'n vrot pampoen en 'n stukkende skoen op die ashoop beland.

About the rhyme

This rhyme is usually sung. It refers to different family members doing different activities: the mother (*mammie*) is rowing a little boat, the father (*pappie*) is playing a flute and the brother (*boetie*) is playing a guitar. The last line, *Jou vrot pampoen, jou stukkende skoen*, reminds us of a well-known Afrikaans song, *Die Lappop*, in which a doll ends up on a rubbish heap with a rotten pumpkin and an old shoe.

Aktiwiteite

- Doen aksies om by die woorde te pas terwyl julle die rympie sing/daarna luister. Byvoorbeeld: doen die aksies van die verskillende familielede – roei 'n bootjie, speel 'n fluitjie, speel kitaar.
- Probeer 'n prent teken wat die meeste of al die voorwerpe in die rympie bevat – waatlemoene, bote, fluitjies, kitare, pampoene, skoene.
- Gesels oor waatlemoen en pampoen. Hou jou kinders daarvan? Van watter ander vrugte en groente hou hulle en waarvan hou hulle nie?
- Maak saam 'n inkopielys van julle gesin se gunstelingvrugte en -groente.

Activities

- Do actions to match the words as you sing/listen to the rhyme. For example: do the actions of the different family members – row a boat (*roei die skuitjie*), play the flute (*blaas die fluitjie*), play the guitar (*speel op sy kitaar*).
- Try drawing a picture with most or all the objects from the rhyme in it – watermelons, boats, flutes, guitars, pumpkins, shoes.
- Talk about watermelon and pumpkin. Do your children enjoy eating these? What other fruit and vegetables do they like and dislike?
- Together write a shopping list of your family's favourite fruit and vegetables.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.